**Hoërskool Transvalia**

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ..........................................

25/07/2022

**OUER-OMSENDBRIEF NO 5 VAN 2022**
Geagte Ouer/ Voog

**RAPPORTE – KWARTAAL 2**
Die rapporte vir Gr.8 tot 12 sal Vrydag 29 Julie 2022 vir die leerlinge uitgegee word.

**OUERAAND**
'n Oueraand sal plaasvind op Woensdag 3 Augustus vanaf 17:30 – 19:30 in die saal, waar leerlinge se vordering bespreek kan word. Hierdie is 'n belangrike geleentheid na die halfjaar eksamen vir veral ouers met leerlinge wat swak presteer, om die skool te besoek.

**VAKVERANDERINGS**
Alle vakveranderinge vir graad 10 en 11 leerlinge het reeds in April gesluit. Slegs graad 10 leerlinge kan weer aan die einde van die jaar vakke verander.

**KULTUUR**
***Vaaldriehoek Kunstefees datums:***
**Drama en Skryfkuns:** Engels 18 tot 20 Augustus en Afrikaans 22 tot 26 Augustus.
**Instrumentaal:** 2 en 3 September.
**Vokaal:** 26 en 27 Augustus.
**Visuele Kuns:** 22 tot 25 Augustus.
Die Drama-afdeling vind plaas by die skool. Die ander items se lokale sal later bevestig word.

***ATKV-Redenaars:***
Baie geluk aan die volgende leerders wat deurgedring het na die Gauteng-Wes se Semi-finale uitdunrondte:
Abigail van Niekerk – Graad 12, Lesedi Masehla **(Sy dring ook deur na die Nasionale finale rondte wat 16 en 17 Augustus plaasvind te Buffelspoort )** – Graad 11, Aneské Bezuidenhout – Graad 9, Duan Vorster – Graad 9, John-Peter van der Westhuizen – Graad 9, Melissa van Staden – Graad 9, Nanje van de Reede – Graad 9 .

***ATKV-Debat:***
Ons wil net baie sterkte toewens aan ons debatspanne wat 18 – 20 Augustus aan die finale rondte van die ATKV-debatskompetisie te Buffelspoort gaan deelneem.
Die twee senior spanne is: Elaine Lategan en Tiaan van Zyl, Zander Botha en Elsuné Engelbrecht.
Die juniorspan is: Mckenzie Burger, Leoné du Plessis en Janke-Daniel Steyn.

**<u>WÊRELD ATLETIEK KAMPIOENSKAPPE</u>**
Baie geluk aan **Marli Dimond** wat gekies is om Suid-Afrika te verteenwoordig by die Wêreld Atletiek Kampioenskappe in Colombia (O/20) vanaf 1 Augustus 2022.

**<u>SIKLUSTOETS GR.8 – 12 EN GR.12 REKORDEKSAMEN</u>**
Vind aangeheg die bogenoemde toets- en eksamenroosters vir u aandag.

Valia groete

_______________
JR VENSKE
Hoof